## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


**ACIM Donderdagaande 7pm @ Kolping**
**Geskiedenis van die Bybel: 5 Oktober 9am**
**Barnyard: 'We are the Champions" 12 Oktober 8pm**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________

E-Mail________________________ Sel________________

Woonadres

________________________________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

## 22 September 2013

## THE POWER OF INTENTION: VERTROUE & INSPIRASIE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Aria on a Chaconne — Zanta Hofmeyr ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Gee gehoor, O hemele, en laat (ons) praat
en laat die aarde die woorde uit (ons) mond hoor.
Laat (ons) onderrig drup soos die reën,
(ons) woorde deurweek (ons) soos dou
soos sagte reën op vars gras
en soos 'n reënbui op die weiveld.
Want (ons) roem die Naam van die Here,
beskryf die grootheid van God.
Die Rots! Sy werk is volmaak
want al sy weë is onpartydig.
'n God wat getrou is en sonder onreg,
regverdig en opreg is Hy.

— Deuteronomium 32:1-4 —

**- STILTETYD -**

# THE POWER OF INTENTION

Kom ons praat oor 'Imagination' ...
Kom ons praat oor 'Inspiration' ...
Kom ons praat oor 'Intention' ...

==========================================================

*"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."* (Josua 24:15)

Josua maak 'n BESLUIT en neem VERANTWOORDELIKHEID en bly GETROU

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie verstaan staat maak nie. Ken hom in alles wat jy doen en Hy sal jou paaie reguit maak. Moenie wys wees in jou eie oë nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dis 'n geneesmiddel vir jou liggaam, die verkwikking van jou beendere.*

(Spreuke 3:5-8)

↓ ↓

Laat reg geskied, Here want ek wandel met integriteit en ek vertroue in die Here sonder om te wankel. Toets my, Here, en beproef my, ondersoek my niere *(emotion)* en my hart *(intention)*. Want U liefdevolheid is voor my oë *(attention)* en ek het gewandel in U waarheid.

(Psalm 26:1-3)

↓

"Tell me what you pay attention to and I will tell you who you are" (Talmud)

==========================================================

Kom ons praat oor 'Versorging' ...
Kom ons praat oor 'Verantwoordelikheid' ...
Kom ons praat oor 'Vertroue' ...

> Ons geloofswaarhede roep ons tot verantwoording ...

==========================================================

**God is die Helende, Heilige, Allesomvattende, Asem en Bewussyn van Lewe**

**God is die Helende, Heilige, Allesomvattende, Refleksie en Bewussyn van Liefde**

★ **Nou, meer as ooit, het ons nodig om ons persepsies en projeksies oor God te skuif vir 'n relevante en sinvolle verstaan oor God.**

μετανοέω — **'change your mind' (bekeer)**

★ **Nou, meer as ooit, het ons nodig om refleksies te wees van 'n veel groter verstaan van God se liefde sodat ons die wêreld waarin ons leef, kan heel.**

πονηρός — **'intense pain, pressed by labours, blind' (gebed van Matt 6:13)**

==========================================================

*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir jul gemoed. My juk is sag en my las is lig."* (Matteus 11:28-30)

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ CANTOLUNA — SECRET GARDEN ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

28 וְתִגְזַר־אוֹמֶר וְיָקָם לָךְ וְעַל־דְּרָכֶיךָ נָגַהּ אוֹר׃
29 כִּי־הִשְׁפִּילוּ וַתֹּאמֶר גֵּוָה וְשַׁח עֵינַיִם יוֹשִׁעַ׃
30 יְמַלֵּט אִי־נָקִי וְנִמְלַט בְּבֹר כַּפֶּיךָ׃

Jy sal op iets besluit en dit sál met jou gebeur,
die lig sal skyn op jou weë.
Wanneer mense neergegooi is, sal jy sê:
daar is 'n manier van opstaan!
Die nederige sal Hy red.
Hy bevry die een wat skuldig is
en hy word gered deur die reinheid van jóú hande
— JOB 22:28-30 —

Liefde is die begin van Hoop —
Hoop is die begin van Geloof
Geloof is die begin van Verandering,
Verandering is die begin van Vergiffenis,
Vergiffenis is die begin van 'n Wonderwerk en
Wonderwerke is die begin van Helende Ervaring
met die Lewende God wat ons noem, Liefde.

---

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ AVE MARIA (BACH) — ZANTA HOFMEYR ~

*"... en kyk, EK is met julle al die dae tot die voltooiïng van die ewigheid"*
(Matteus 28:20)